Sondag, 21 Junie 2020

Vadersdag

Vader Menas was ‘n Egiptiese heilige (285 tot 309 nC) wat aanvanklik ‘n gerespekteerde posisie in die Romeinse leër beklee het. Met die Romeinse vervolging van Christene het hy die leër verlaat en ‘n woestynlewe in afsondering en toewyding verkies. Oortuig van sy roeping tot publieke getuienis, keer hy terug om sy geloof openlik te bely waarop hy gevange geneem is en as martelaar sterf. Die ikoon van Christus en Vader Menas (sg Vriendskapsikoon) dateer waarskynlik uit die 6de eeu en word in Berg-en-Dal tydens Taize-dienste benut.

Wat sien jy in hierdie ikoon? Langs Christus (regs) staan die Griekse woord Soter (Verlosser of Redder) en in Sy stralekrans is die kruis. Geklee in die jurk van ‘n monnik hou Hy met die een arm die Evangelies vas en met die ander arm omhels Hy Sy vriend. Vader Menas (links) het ook ‘n halo (sonder ‘n kruis) en is geklee in ‘n ander monnike-jurk met ‘n rol (instruksies? In die een hand en die ander hand wat seën.

Neem gerus ‘n oomblik …. Wat “lees” jy op ‘n dieper vlak in die ikoon? Daar is duidelike onderskeid tussen die Leermeester en leerling. En ook verweefde identiteit en lotsgebondenheid. Hier is geen sprake van blink triomfantalisme nie; eerder eenvoud, egtheid, nederigheid, getrouheid, saam-op-weg, vriendskap, bemoediging ….

Die “Christus en Vader Menas”-ikoon kan saam met vanmôre se teksvers gelees word:

“’n Leerling is nie hoër as sy leermeester nie en ‘n slaaf nie hoër as sy eienaar nie.
‘n Leerling moet tevrede wees as dit met hom gaan soos met sy leermeester,
en ‘n slaaf as dit met hom gaan soos met sy eienaar.”
(Matteus 10:24-25)

- **Ds. Barnard Steyn**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds.Barnard Steyn en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Die diens is vooraf opgeneem in die kerkgebou en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.
Ons wens jou ‘n geseënde Sondag toe.

LITURGIE

Studeerkamer: Tekskeuse

Toewyding: Lied 254 Spreek Heer

Aanvangswoord: Psalm 86:1-3a

Lied: Psalm 86:1 Here, luister tog, verhoor my

Gebed:

Orrel & Tjello: Plainte / Klaaglied - Komponis: De Hervelois

Skriflesing: Mat. 10:24-25a

"'n Leerling is nie hoër as sy leermeester en 'n slaaf nie hoër as sy eienaar nie. 'n Leerling moet tevrede wees as dit met hom gaan soos met sy leermeester, en 'n slaaf as dit met hom gaan soos met sy eienaar."

Woordverkondiging:

Gebedslied: Lied 281 Lei ons, Here, groot en magtig

Uitsending: Romeine 6:1-3

Slotsang: Lied 290 Dit is my troos dat ek gedoop is

Seën:

Orrel & Tjello: Allegro: Suite II - Komponis: De Hervelois
Orrel: Dr. Johan Cromhout
Tjello: Prof. Anmari van der Westhuizen

Met besondere dank aan: Dr. Johan Cromhout; Prof. Anmari van der Westhuizen; Ampie Human; Danie Joubert; RW Adendorff; Adri van den Berg, Heidi Esterhuyse & wyk 2 (blomme) en Rita van Zyl vir bydraes om die erediens en opnames moontlik te maak.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

21 Junie	Pieter Greyling, Andrew Murray, Nedine Naude en Ruhan Vermeulen.
22 Junie	Johan Jooste, Koos Kilian, Marié Nel en Christelle Scheepers.
23 Junie	Pieter Adendorff, Daphné Honiball, Ola Muller, Christine Murray, Magda Raath, Lynette Vermeulen en Paul Zietsman.
25 Junie	Jeanmarie Buchner, Pieter Leeuwner en Marius Maritz.
26 Junie	Joshua Gerber, Ruan Strydom en Barend van der Walt.
27 Junie	CJ de Jager, Danika Schoeman, Weyers Strydom en Rikus Viljoen.

Ons dink in gebed ook aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Oom Gert Terblanche (Kapt. Goodmanstr. 5, wyk 1b); Tannie René van der Walt (Siësta 39B, wyk 10); Tannie Mietsie Bezuidenhout (Poulteneystr. 12, wyk 6a); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Dirk Nel (Maxzell 2, Colbiestr., wyk 13b); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17) en John Eager (gereelde besoeker aan ons Taizédiens).

Vreugde en blydskap...
Baie geluk aan Stephen en Madelein Botha (Dogter van Ludwig en Twanette Koekemoer van Genl. Conroystr. 44) wat Saterdag 20 Junie 2020 in die huwelik bevestig is hier in Berg-en-Dal.

Meegevoel in ’n tyd van hartseer...
Ons harte is seer saam met Henk Schepers met die afsterwe van Carné in hierdie tyd. Ons bid vir Henk en hulle kinders die Here se liefdevolle teenwoordigheid en troos toe.

Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik. Hy gee die vermoeides krag. Hy versterk dié wat nie meer kan nie. Jes. 40:28-29

Geliefdes van Christus in Berg-en-Dal,

1) Eredienste:

Sondag 28 Junie 2020: Ds. Johan Marais Romeine 12:1-2 (Deel 2)
Sondag 5 Julie 2020: Ds. Johan Marais

Ons eredienste word tans vooraf opgeneem en elektronies beskikbaar gestel tydens die tyd van inperking. Ons verlang daarna om saam te kom as gemeente in ’n lof-erediens, maar ons het ook ’n verantwoordelikheid teenoor mekaar en veral teenoor die senior lidmate in ons gemeente. Ons eredienste mag nie die rede wees waarom mense siek word nie. Ons is so dankbaar oor Berg-en-Dal se mooi gesindheid in hierdie verband, dat gelowiges kans sien om hulle saamwees op te offer, ter wille van mekaar en ons gemeenskap. Dit beteken egter nie dat ons enigsins minder kerk van die Here hier by die sirkel is nie, inteendeel ons werk selfs met meer toewyding in die koninkryk van die Here. Daarom word u aangemoedig om getrou in te skakel via ons webblad,

Facebook, *YouTube-kanaal* of op u selfoon via WhatsApp. Stuur asb. ook die skakels na die eredienste so wyd as moontlik aan.

2) Kategese : Vir die Juniors en tot Graad 7 word die inligting na ouers uitgestuur – (Ouers moet asb. hulle kinders hierin begelei. Hierdie is 'n kosbare geleentheid om weer 'n geestelike gesprek met u kind te hê).
Die Seniors ontvang hulle kategese materiaal direk van hul kategete.
Belydenisklas kom vanoggend om 11:00 byeen in die kerksaal vir 'n kategese geleentheid.

3) Verlof : Ds. Jan Lubbe is met langverlof tot 9 Julie 2020. Kontak gerus vir ds. Johan Marais vir enige dringende sake.

4) Kerkkantoor en personeel: Die personeel van die kerk werk steeds in hierdie tyd vanaf hulle huise af - die kantoor by die kerkgebou bly dus gesluit. Die personeel is egter beskikbaar en kan op die volgende wyses gekontak word: WhatsApp-nommer: 073 180 3193 of skakel Rita by 083 656 1680.

5) Berg-en-Dal met Woord en Brood: Die gemeente is tans by verskeie uitreikaksies betrokke waar mense in nood gehelp word. ENGO se kouenag-projek wat gewoonlik tydens Pinkster plaasgevind het, vind tans plaas. Komberse of bydraes om komberse aan te koop word ingesamel om behoeftige mense deur hierdie koue winter by te staan. Indien u 'n kombers het om te skenk of 'n bydrae wil maak kan u ENGO se kantoor direk skakel (Tel. 051 522 6914) of kontak vir Rita van Zyl of Ds. Johan Marais

6) Finansies: Inligting oor Berg-en-Dal se Noodfonds, dankoffers, eredienskollektes en barmhartigheidshulp in hierdie tyd is steeds op Berg-en-Dal se webwerf beskikbaar – (laai die Pastorale brief af in hierdie verband). SnapScan, 'n nuwe opsie om jou bydrae te stuur is beskikbaar – die skakel vind u onderaan of aan die einde van die erediensvideos. (Die instruksies is op die gemeente se webtuiste beskikbaar) Die gemeente is steeds afhanklik van elkeen se bydrae om voort te gaan met die werk. Die kerkgebou se deure is dalk tydelike gesluit om lewens te beskerm, maar die bediening gaan voort. Die eise wat hulp aan mense in nood aan die gemeente stel groei daagliks. Ons bankrekeningnommer: Absa Berg-en-Dal, Absa Tjekrek. 470-580-011.

SnapScan

Besoek gerus Berg-en-Dal se webwerf : www.bergendalkerk.co.za

Facebook: NG Kerk Berg-en-Dal

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig.